

Liewe ouer,

Baie welkom in 2018! Ek hoop regtig dat julle 'n regtige goeie Desember gehad het en iewers tussen die rondhardloop met die kinders ook net 'n ou klein bietjie kon rus.

By Kerk-in-Suid het ons soveel lekker drome oor die kinders hierdie jaar en ons hoop regtig om die Kinderbediening net nog beter te maak. Om dit te doen het ons twee groot dinge waarop ons fokus – terugvoer van ons kinders en ouers EN opleiding vir ons kategete.

Soos julle weet het ons laasjaar ons Kleuterkerk geskuif na gelyklopend met die oggend erediens. Dit was na so 'n terugvoersessie vanaf ouers wat ons die skuif gemaak het. En na ons dit gedoen het, het soveel van julle gevra of ons dit nie ook met die kinderbediening kon doen nie. Voor ons so 'n groot besluit neem, het ons egter eers elke liewe gesin gebel om te hoor hoe julle daarvoor sou voel, en sowaar – julle was so positief daarvoor dat ons nie anders kon as om dit kerkraad toe te vat nie. Die kerkraad het goedgekeur dat ons dit vanaf hierdie jaar so kan aanbied. Ons is opgewonde, maar ook bietjie senuweeagtig hieroor – help ons asb deur deurgaans vir ons terugvoer te gee en asb ook so 'n klein bietjie geduldig te wees as ons bietjie tandekry probleme het. Ons belowe om te luister en alles so gou moontlik eksieperfeksie te kry 😊

## **TYE 2018**

### **21 Januarie – Kinderbediening opening en indeling @ 9:30 (let wel NA kerk)**

- ons vra dat al die ouers na kerk agterbly vir 'n vinnige info sessie met Carol in die kerk. Daarna verdaag die kinders elkeen na hulle groepe toe om die indeling te doen
- gaan saam met jou kind om seker te maak jy verifieer julle details en ontmoet sommer sy/haar kateget vir hierdie jaar
- die graad R tot 3's is in die popcornsaal, die graad 4-5's in die jeugsentrum (stap net in en moenie links of regs draai nie), en die graad 6'e is ook in die jeugsentrum (stap in en draai onmiddelik links) (sien die aangehegte kaart vir die verdwaaldes 😊 )

### **28 Januarie – Ouerontmoeting en verdere indeling en kenmekaar @ 9:30 (weereens NA kerk)**

- ons vra dat alle ouers na kerk na die saal toe kom, ons gaan bietjie vir julle vertel wat elkeen van die groepe gaan doen hierdie jaar en ook alle vrae wat julle mag hê beantwoord
- die kinders wat REEDS ingedeel is (21 Jan) gaan weer na hulle groepe toe vir 'n kenmekaar met hulle kateget
- die kinders wat NOG NIE ingedeel is hierdie jaar nie kom ook saal toe sodat ons julle info kan verifieer en die indeling doen, ons sal julle dan na die groepe toe vat van daar af
- ons verkoop ook die hemde en bybels van hier af

#### **4 Februarie – Eerste lesse: intekening in die saal vanaf 8:15**

- Vir die res van die jaar is die kinderbediening dan gelyklopend met die kerk vanaf 8:30-9:30
- Vir sekuriteitsredes teken jy jou kind in en uit hierdie jaar
- Intekening gebeur in die SAAL vanaf 8:15 elke oggend
- Van daar beweeg die kinders saam met die kategete na hul verskeie groepe om 8:30 (moet dus groot asb nie laat wees vir kerk nie ☺ )
- Die kinderbediening volg dan die formaat van die afgelope klompie jare, wat basies 'n erediens is, maar op die kinders se vlak. Ons begin met 'n grootgroep aanbieding in elke lokaal en daarna verdeel ons in kleiner klassies van 8-10 kinders waar ons die toepassing en verhouding bou uitleef
- Na kerk teken jy weer jou kind uit in die saal. Die kategete sal seker maak die kinders is weer in die saal wanneer die kerk uitkom sodat jy al die kinders daar kan kom uitteken, maak nie saak in watter groep hulle is nie

#### **Kleuterkerk**

- Die Kleuterkerk bestaan uit die Babbelbekkies (1-2 jariges) en Woelwaters (3-4 jariges) en volg presies dieselfde formaat as die res van die kinderbediening
- Die enigste verskil hier is dat jy jou kind by die Kleuterkerk self moet in en uitteken en nie in die Saal nie (omdat hulle nog so klein is)

#### **KATEGETE 2018**

Ons tweede groot fokus, soos ek bo genoem het, is om die regte kategete te kry en hulle so goed moontlik op te lei, te ondersteun en te lei. Hier het ons weereens jou hulp nodig.

Met die skuif van die tye beteken dit dat baie mamas nie meer as kategete kan funksioneer nie, want anders sit pappa alleen in die erediens en dit wil ons nie hê nie.

As jy dalk reeds die aanddienste bywoon ipv die oggenddienste, of jy weet van iemand wat 'n hart vir kinders het en in so 'n situasie sit, groot asb kontak ons.

Ons wil graag seker maak ons het genoeg kategete om die kinders te bedien, maar die kategete is maar soos almal van ons: net mense wat in die erediens gesit het en toe gehoor het dat God vra dat hulle iewers moet gaan help. En daardie iewers, was by die kinders.

Alhoewel dit absoluut oor die kinders gaan, is dit ook so dat wanneer jy by ons aansluit, jy sal ontdek dat jy nou deel is van 'n groep wat vir jou omgee en wat jou ondersteun. Jy vind 'n plekkie in die gemeente. Elke kategete het al gesê hoeveel dieper dit hulle pad met God gemaak het om deel te voel van 'n plekkie waar mense vir mekaar omgee. Hier is ook vir jou 'n gaatjie.

Liewe Ouer, ons sien so uit na 2018 saam met mekaar, saam met die kinders en saam met jou! Ons kerk droom daarvan om 'n kerk te wees waar “die Gees lewens en gemeenskappe verander” – maar jy, jou kinders, ons kategete, dis die lewens wat eerste geraak word. Julle

vorm die gemeenskap eerste. Julle is kosbaar. Mag ons Kinderbediening in 2018 dit ten volle weërspeel.

Liefde

Ria

Kinderbedieningsleier (083 703 4470)